

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
10 Oktober 1976

Onderwerp: Laat u Naam geheilig word

Lees: Psalm 8

Teks: Psalm 8 vers 2
Matthéüs 6 vers 9

Sing: Psalm 147 vers 1
Psalm 8 verse 1 en 3
Gesang 76 vers 1

“Psalm agt is ’n wonderlike Psalm. Dit beskryf die skepping in die begin toe God die mens gemaak het na sy beeld, heerlik en goed: ‘U het hom ’n weinig minder gemaak as ’n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon.’ (Ps 8:6)

“Tog besing Dawid nie in hierdie Psalm die mens in die eerste plek nie. Nee, God kom eerste: ‘O HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde! U wat u majesteit gelê het op die hemele.’ (Ps 8:2)

“En tog sê Dawid dat daar ’n duidelike verbintenis is tussen die eer van God en die eer van die mens.

“Wat is die mens eintlik in homself? Hy is niks. Hy is hulpeloos en nietig. Op homself is hy sonder eer en heerlikheid in die groot skepping. Dit is God wat hom met eer en heerlikheid bekroon het en hom heerser gemaak het oor die werk van God se hande.

“Broers en Susters, wat Dawid in Psalm agt wil sê, is dat die heerlikheid van die mens afhanklik is van die heerlikheid van God. Die ware menslikheid kan nie bestaan sonder erkenning van die ware Godheid van God nie. Die heerlikheid van die mens lê eintlik in die handhawing van die regte verhouding tot sy Skepper. Waar God se Naam dus nie meer die eer en heerlikheid gegee word nie, daar verval die mens in ellende.

“Baie oorsake is in die loop van tyd geblameer vir die onheil in hierdie wêreld. Maar daar is volgens my diepste oortuiging net een oorsaak: Die mens het God verloor en vergeet. Die mens het sy rug gekeer op God, die Ewige Lig. En omdat hy hierdie Lig nie meer ken nie, verkeer hy in duisternis.

“’n Blom verwelk as jy hom pluk en ’n boom sterf as jy sy wortels afkap. Só sterf die mens as sy band met God deurgesny word. As die mens sy verhouding met

God verbreek, word alles uit harmonieuse verband geruk en verskuif. Waar God se Naam nie meer geheilig word nie, gaan die menslikheid van die mens verlore. Dan erken mense mekaar nie meer as kinders van een Vader nie. Dan leef mense soos vreemdes en vyande, soms onder die skyn van beskawing en welwillendheid, terwyl hulle ten diepste beesagtig en aanmatigend teenoor mekaar is.

“Dan bid Jesus Christus hierdie gebed, wat ook moet kom uit die hart van God se kinders: ‘Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word’. (Matt 6:9)

“Dit is ’n smeking. Dit is ’n geroep om herstel. In die eerste plek word hier gebid en gesê: Vader die wêreld sterf weg omdat hulle U nie ken nie. Ons het U verloor. Ons noem U nie meer nie. Ons swyg U dood op aarde. Die mens ignoreer U. In die wêreld is daar geen plek vir U nie. U heilige Naam word gruwelik as ’n vloekwoord gebruik en onteer.

“Hierdie gebed bely: Vader, die mens weet nie meer hoe heilig U is nie, hoe groot en goed U is nie. Ons het u Naam misken. Ons misbruik u Naam. Ons kan Psalm agt nie meer sing nie. Daarom, o God, neem U plek weer in. Openbaar uself aan hierdie donker en verwarde wêreld: ‘... laat u Naam geheilig word’.

“As ons hierdie gebed só sien, sal ons dadelik die geweldige betekenis daarvan besef. Hierdie gebed moet algehele prioriteit in ons lewens hê. Die verhouding en verband tussen God en die mens moet herstel word.

“Hierdie gebed is die belangrikste van alle gebede, omdat alle verdere gebede daarvan afhang. Daarsonder kan die koninkryk van God nie kom nie en kan God se wil nie geskied nie. Ons het geen reg op ons daaglikse brood en op verlossing van die bose en vergewing van ons skulde, as ons nie die absolute heiligheid van God se Naam respekteer nie.

“Om hierdie gebed goed te verstaan, moet ons begryp wat die begrippe ‘Naam’ en ‘heiligheid’ beteken.

“Broers en Susters, ons sou nooit die Naam van God geken het, as God Hom nie aan ons bekend gemaak het nie. Maar nou is dit juis wonderlik dat die ondeurgrondelike, onnoembare God sy Naam aan sy skepsels geopenbaar het en daardeur vir ons kom sê het wie Hy eintlik is.

“Om iemand op sy naam te noem, beteken dat ons baie na aan so iemand is. Ons laat nie toe dat elkeen

ons by die naam noem nie. Soms wil ons liever incognito bly om onbekend en vry rond te gaan. 'n Mens vind dit veral by hooggeplaasdes.

“Jou naam is een met jou. Ons naam is so een met ons, dat ons in 'n sekere sin die naam self is. Daarom is die mens so gesteld op sy naam. Dit mag nie beswadder en vertrap word nie.

“Wie God se Naam ken en eer, ken en eer God. Hy wat God by die Naam noem, sê ook daarmee dat hy naby aan God is. Wie God se Naam ontheilig, onteer God.

“En wat beteken 'heilig'? Dit is om sonde te ontvlug. Dit kan verder beteken om iets af te sonder vir 'n bepaalde doel. Só staan God ook apart en afgeskei van die wêreld en daarom is Hy heilig.

“Maar die begrip 'heilig' het nog 'n dieper betekenis. Die grondwoord vir heilig in die Semitiese tale lei ons tot 'n woord wat straal of uitstraal beteken.

“Dat God heilig is, beteken dus dat sy deugde soos die strale van die son, alles omstraal en alle duisternis en onsekerheid opklaar. Waar God spreek, daar is duidelikheid, helderheid en is alle teenspraak uitgesluit.

“Die heiligheid van God se Naam beteken dus dat ons in ons lewens alles moet aflê wat die luister en uitstraling van God se Naam kan verduister. Ons moet die newels help verdryf wat God se Naam so gruwelik ontheilig.

“Met '... laat u Naam geheilig word' smeeek ons dat ons Hemelse Vader sy heiligheid aan die wêreld sal toon. Dit wil sê, die mens staan nooit op die voorgrond nie. Nee, daar word gesmeek dat ons God se Naam sal eer, want daarsonder kan God nie die hoogste doel in sy skepping, naamlik sy doel met ons lewens, bereik nie.

“Broers en Susters, om God die eer en heerlikheid te gee, moet ons allereers in die regte verhouding met Hom staan. God openbaar sy Naam aan ons op soveel maniere. Die hemele en die aarde verkondig sy deugde en die werk van sy hande. Maar waar leer ons God se Naam beter ken as op Golgota? Daar het Jesus vir die mens se sondes gesterf.

“Ons moet die Naam van God met ons monde eer. Dit wil sê, bely. Wie God waarlik ken, sal saam sing: 'Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskaie. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!' (Jes 6:3) En hulle sal uitjubel:

“Daar is geen land so vêr of woes geleë

“Geen strand o Heer of wilde waterweë

“Geen hemelsfeer in die oneindigheid

“Of orals blink u Naam en majesteit.’

“As ons hierdie gebed bid, dan vra ons God om ons genadig te wees, sodat ons in lewe en wandel sy Naam mag prys. En Broers en Susters, dan is die doel van ons lewens nie meer onself nie. Nee, dan sterf jy aan jouself en neem God jou lewe oor. Dan staan jou lewe onder die albestuur van God.

“Daar was Een wat God se Naam geheilig het: Jesus Christus. Dit het aan die kruis ’n toppunt bereik toe Jesus triomfantlik gesê het: ‘Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring.’ (Joh 17:4)

“Geliefdes, ons kan Jesus Christus maar net as voorbeeld probeer nastreef. Ons is te swak om sy Naam na regte te heilig. Daarom bid ons: ‘... laat u Naam geheilig word’. En maak ons waardig vir u diens.

“Amen.”